



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

12 MEI 2019

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

OGGENDDIENS

Hoe lyk die
toekoms na die
verkiesing?

Handelinge 6:1-7;
Matteus 6:33

GESINSDIENS

Ek is jammer en
ek vergewe jou.
Matteus 18:21-35

AANDDIENS

Lig vir die wêreld
Matteus 5:13-16

JEUGDIENS

Secret Spaces

12 Mei

09:00	Kerk	Oggenddiens	Dr. Hanekom	2	Ds. Breytenbach	3
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	8	Ds. Potgieter	9
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Ds. Visagie	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Ackerman	-	Ds. Ackerman	-
19:00	Kapel	Aanddiens	Mike van Deventer	11	Ds. Breytenbach	12

19 Mei

BEDERF MAMMA VANDAG IN DIE KAFETERIA

Ondersteun asb. die junior kategeese se fondsinsamelingsprojek vanoggend. Dit is die ideale bederfgeleentheid vir mamma op Moedersdag. Nooi haar vir 'n koppie tee, of cappuccino en 'n heerlike stukkie koek. Geroosterde toebroodjies sal ook verkoop word.

SINODESITTING 13 TOT 16 MEI

Doen asb. voorbidding vir die komende sinodesitting. Die gemeente word deur ons vyf leraars en dr. Braam Hanekom verteenwoordig. Kerkraadslede wat die sitting bywoon, is: Dirk Brand, leierouderling, Karen Visagie, Dirmü Gouws, Mike van Deventer, Philipp Dietmann, Kobus Otto en Mike Smuts. Indien jy die Sinodenuus daagliks elektronies wil ontvang, stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

DEUROFFER: STELLENBERGUITREIK-BEDIENING

Ons jeuguitreikspanne vertrek op 15 Junie na Leeu-Gamka, Calitzdorp, Beaufort-Wes, Mavusa en Bambisana. Ondersteun asb. die goeie werk wat ons jongmense in dié minderbevoorregte gemeenskappe gaan doen. Lees meer oor die uitreike in die nuwe Stellenberger.

[ONS LUISTER NA GOD]

Bladsy 2

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00: Kwartaaltema: *SPACES – New space, new life.*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, vanaf 19:00.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- *MATRIC MOVEMENT*: Alle matrieks word uitgenooi om by die *Matric Movement* Sondagaande om 19:00 in die kafeteria aan te sluit. Bring jou vriende. Dis slegs vir matrieks.
- *GRAAD 7 SOCIAL*: 17 Mei om 18:00 in die kleinsaal. Dis 'n pizza-en-speletjies-aand. Bring R30 vir pizza en koeldrank.
- *UITREIKE 2019*: Inskrywingsvorme is op www.stellenberg.co.za.
- *JEUG-TOEP*: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

BREIGROEP

Ons ontmoet op Maandag 3 Junie om 10:00 (na die Pinksteroggenddiens) in die markplein. Lede moet asseblief alle klaar gebreide items vir die uitreike, soos serpe en musse saambring.

VATVYF

- **Saalbyeenkoms Woensdag 22 Mei om 09:30.** Prof. Wessel Visser, van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, kom ons besoek. Hy het baie navorsing oor die Kaapse watersituasie gedoen en gaan interessante inligting kom deel. Tee en verversings word vooraf bedien.
- **Pannekoekdag op Sondag 26 Mei.** Die seniorgroep beoog om 1 500 pannekoeke te bak en verkoop. Kom ondersteun hulle, asb. Pannekoeke word teen R6 elk na die oggenddienste in die kafeteria verkoop.

KATEGESE KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal
Graad 2 en 3: Grootaal
Graad 4: Bovertrek
Graad 5 en 6: Kerk
Graad 7: Jeuglokaal
Graad 8: Kerk
Graad 9: Bovertrek
Graad 10: Grootaal
Graad 11: Kleinsaal

[ONS LUISTER NA MEKAAR]

Bladsy 3

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Hendrik Johannes (Hentie) Hickman, gebore 25/02/1935 en oorlede op 7/05/2019. Hy was sedert 2011 'n lidmaat van die gemeente en sy roudiens was op Vrydag 10 Mei in die kerk. Ons innige meegevoel aan sy vrou, Hettie, 'n inwoner van Edelweiss, asook sy kinders wat hy agterlaat.
- André Gerrit Nel, gebore 5/11/1948 en oorlede op 6/05/2019. André was sedert 1973 'n meelewende lidmaat van die gemeente en sy roudiens word op Dinsdag 14 Mei om 11:00 in die kerk gehou. Ons innige meegevoel aan Daniëlla en Tony, sy dogter en skoonseun wat hy agterlaat.

VROUE-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Kwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

VAKATURES

• **Administratiewe hulp by Stellenberg-jeugkantoor**

'n Vakature bestaan vir 'n persoon wat lief is vir jongmense, 'n gelowige is en oor goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede beskik. Werksure 12:00 - 15:00 op woensdae, dienswerk op Sondag tydens die jeugdiens (vanaf 17:00, slegs tydens skoolkwartale), asook sporadiese na-uurse verpligtinge soos jeugbedieningvergaderings en kampe. Navrae en CV's na Sunet Opperman 021 976 4519 en sunet@stellenberg.co.za. Sluitingsdatum: 17 Mei 2019.

• **Finansiële beampte by NG Kerk Kenridge**

Die geskikte kandidaat vir die voldagpos moet minimum vyf jaar ervaring in algemene boekhouding, Pastel, Excel en VIP hê.

Sluitingsdatum: 31 Mei. Stuur volledige CV na bestuurder@ngkenridge.co.za.

EDELWEISS

BYBELSTUDIE

Geen Bybelstudie op 16 Mei weens die sinodesitting.

PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarna te luister nie. Besoek www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

BADISA Sê DANKIE

Die BADISA-spreekkamer in Bellville is baie dankbaar vir die bydraes wat hulle deur die deurkollekte op Sondag 28 April vanaf die gemeente ontvang het. Die BADISA-personeel vra dat ons lidmate namens hulle vir die ruimhartige bydraes bedank.

FINANSIËLE BYDRAES

Die gemeente se werksaamhede is afhanlik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot Stellenberg-gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.



ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanel by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep
Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep
Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep
Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.